

HOOFSTUK XI.

DIE TRANSVAALSE ANNEKSASIE EN DIE VRIJHEIDSOORLOG.

Die leser verwag hier natuurlik g'n geskiedenis van die Anneksasie of Vrijheidsoorlog nie. Daarvoor verwys ons naar die geskiedenisboeke. Hier word alleen beskryf die aandeel wat die "Patriot" in die sake gehad het, en die aandeel was belangrik. Maar laat ons eers aanhaal wat Ds. Du Toit daaromtrent laat opskryf het :—

„Die Transvaalse Anneksasie het indirek veel bijgedraag tot bevordering van onse taal en nasionaliteit in die parlement, sodat ik meer dan eens geseg het: "die Bond het wortel gevat op Amajuba." Onder die leiers in kerk en staat het ik openlik deur die "Patriot" en deur vergaderings partij getrek vir die Transvaal. Die "Patriot" was eintlik die orgaan van die Transvaalse beweging, wat in Transvaal en Vrijstaat g'n orgaan had nie.

„Die politiek van "lijdelik verset" werd deur die "Patriot" aan die hand gegee. Bij elke grote volksvergadering in Transvaal het die "Patriot" die gedragslijn aangewijs, wat ook opgevolg werd. Oplaas werd nog vër gestuur om die blad te haal voor die vergadering.

„Hoe groot die vijandskap teën die "Patriot" bij gesaghebbers in die Kaapkolonie was blijk o.a. uit die feit, dat van staatswege tweemaal onder aandag van die prokureur-generaal werd gebrag om die "Patriot" van hoogverraad te beskuldig. Maar daar was g'n genoegsame vat. Van kerkwege het die predikante oor algemeen geweër om selfs vir die Transvaalse saak te bidde in die kerk toen die Driemanskap 'n oproep daartoe gedaan het." (Dan volg 'n aantal biesonderhede om bowestaande te bewijs, wat ons egter nou liefs agterwege hou.)

„Bij die bevolking was die pleit vir Transvaal egter nie te vergeefs nie. Die gevoel, dat aan Transvaal 'n vreselike onreg aangedaan was, werd aldag sterker, soos o.a. blijk uit die feit dat die petisie aan die

koningin tot ondersteuning van die Transvaalse deputasie onderteken was deur duisende.

„Onsaglik was mijn verantwoordelijkheid als raadsman toen dit naar ooflog begin te lijk en volgens alle berekening die klompie nie teën Engeland kon staan nie. Mijn standpunt was altijd: Engeland is magtig, maar God is almagtig; Transvaal het reg, en God sal die onreg nie laat heers nie.

„Toen die saak tot 'n punt loop te Potchefstroom en Paardekraal was die inleidingsartikel van die “Patriot” getitel: “Lijdelik verset nou ijdelijk verset.” Daarin werd nie onduidelik aangetoon, dat die volkspartij nou óf moes onderwerp óf die wapens moes opneem. Natuurlik werd dit in bedekte terme gedaan; maar in Transvaal werd die artikel so goed verstaan, dat Genl. Smit, bij aankoms van die “Patriot” geseg het: “Mense, maak skoon julle roers!”

Tot sover die diktaat. Nou sal ons die “Patriot” self laat spreek oor die merkwaardige gebeurtenisse.

SHEPSTONE SE PROKLAMASIE.

Vereers 'n paar rake opmerkings van die blad oor die Proklamasie, waarmee die land geannekseer werd:

“1) Waar is nou die wijsneuse wat vertel het dat die boere nog altijd Britse onderdane was? Shepstone erken hulle as 'n selfstandige staat; hij spreek van hulle as “nuwe onderdane” van die koningin, hij erken dat hulle deur die konvensie volkome onafhankelik gemaak is.

“2) Waar is nou die ou storie, dat die Transvaal die kontrak sou verbroke hê deur slawehandel te drijwe? Shepstone voer allerhande bewijse an wat hij mar kon krij om sijn daad te regtvaardig, maar daarvan gen woord.” (P. 25 Mei '77).

LIJDELIK VERSET.

Die standpunt van die “Patriot” was dadelik, dat “Shepstone 'n indringer is, wat nooit erken is deur die grondwet en die volk van die land, en dis *onder protes* dat die wettige regering en die volk hom toegelaat het, totdat die saak eers deur die deputasie voor Engeland en die ander moëndhede gebreng is” (P. 22 Febr. '78).

Dan volg 'n jaar later hierdie “Welmenende Raad”:

“Ag, as Oom Lokomotief hier kon losbreek, dan is hij binnen 14 dage self in Transvaal om same te deel in die lot van sijn medebroeders. Mar nou moet ons met 'n geskrewe raad tevrede wees. En dit is: *Moet nie veg teen die Engelse nie. Sit stil. Lat onse tiwe Heer ver julle strij. Blijf bij julle protes, en bepaal julle bij lijdelijk verset.*”

Als redene word opgegee: 1) "Julle kan dit nooit volhou teen England nie." 2) "Julle amenusie sal gou opraak." 3) "Julle het gen grof geskut soos die Engelse nie." 4) "Dan denk tog nie dat al die helde in vreedestijd, in oorlogstijd oek sal helde wees nie." 5) "Julle het gen hoof nie." 6) "Eindelik, wat ons nog die swaarste weeg is dit: ons ware Afrikaners in die Kolonie en Vrijstaat sal dit nie o'er ons hart kan krij om dit an te sien, dat julle daar eers op 'n onregverdige manier julle land afgeneem is, en dat julle dan nog moet doodgeskiet worde ver julle reg nie. Geloof ons tog, ons word naar as ons daaran denk. En ons mag nie kom help nie!" (P. 14 Febr. '79).

Die "Z.-Afrikaan" het die Raad goedgekeur en geseg: "Elk dezer redenen afzonderlik is al meer dan genoegzaam om ieder burger te bewegen de staatkunde van lijdelijk verzet te verkiesen boven die van geweld" (P. 21 Febr. '79.)

Ook toen Sir Garnet Wolseley gestuur werd om Sir Bartle Frere als Hoë Kommissaris in Transvaal te vervang (September 1879 het hij daar aangekom met fraaie en versoenende planne) het die "Patriot" volgehou: "blijf bij lijdelijk verset en bepeins, Ps. 25" (P. 1 Aug. '79).

INVLOED VAN DIE "PATRIOT".

Dat die blad werkelijk grote invloed in Transvaal gehad het, blijk uit die volgende gegewens. Vereers is daar sijn eie, naar ons meen geloofwaardige getuigenis: "Dis bekend dat ons blad deur vele in Transvaal gelees wort; dat ons invloed het op 'n groot deel der bevolking; dat ons blad altijd die gevoele van die bevolking vertegenwoordig en verdedig het" (P. 31 Jan. '79). Eweso later: "nog altoos krijg ons bedankbriewe ver vroegere raad; nog altijd versoeke om verdere raadgewing" (P. 1 Aug. '79).

Dan is daar 'n korrespondensie, wat duidelik van die invloed getuigenis gee:—

Meneer.—Ofskoon ek daar nie van hou om in koerante te skrijwe nie, so voel ek mij nou tog verplig om iets te sê in en o'er jou koerant. Ek het gesien dat die *Lantern* jou koerant angeval het en jou beskuldig van oproerigheid, of dat deur jou koerant die Transvalers oproerig gemaak word. Nou ek was oek op die Boere-vergadering (Kleinfontein) en so ver as ek kon opmerk is daar veul ag gegé op jou koerant; en die raadgewing wat daarin voorkom, het Oom Paul so geheel ingeneem dat niemand instaat was om hom daarvan af te krij ni. Hij had die woorde "Lijdelik verset" so heeltemaal van buite geleer uit jou koerant, dat, al wou hij iets anders sê, hij hom gedurig verspreek en dan seg hij somar: "Lijdelik, lijdelijk verset." En daar kon selfs die o'ergrote meerderheid hom nie van af krij nie. En om-

dat hulle oek 'n weinig op jou vertrou dat jij ver hulle goeie raad gé, dan seg Oom Paul: "Hoor wat seg ons vrinde! Die *Patriot* seg ons moet tog nie veg nie, en sal ons nou die goeie man sijn raad verwerp, en somar Pretoria vat en daar intrek en die bietjie Engelse uitja? Ne, lijdelik, lijdelik.....en so moes die grote meerderheid mar eindelijk ingé en oek mar weer gaan memorie maak." (P. 23 Mei '79.)

Maar nie alleen president Kruger nie, ook Genl. Joubert het die "*Patriot*" hooggeskat. Hij skrijwe na die oorlog aan die editeur: "En nu, mijn waarde broeder en vriend van Zuid Afrika en van die arme Transvaal! ook u, ook onze trouwe vrienden en broeders van de Paarl en andere plaatsen in de Kolonie en elders, ook u mag ik niet, neen nooit vergeten. Gy hebt met ons geleden, gy hebt met ons gestreden. Wy danken u. Onze harten zullen altoos erkennen en gevoelen de onuitsprekelike diensten ons door u be- wezen in dit ons lyden." (P. 29 Apr. '81.)

Hoeseer dan ook die politiek van "lijdelik verset." deur die blad voorgestaan, gewig in die skaal geleg het, is duidelik uit hierdie reëls, afkomstig van mnr. D. J. Wolmarans van Magaliesberg: "Naas die Heere het ons dit an jou bemoeiing met onse belange te dank dat hier nog geen bloedstorting plaas gevinde het nie; daarom is dit oek dat vele wat niks van die *Patriot* gehou het nie, nou moet insien dat die raad wat jy ons gedurig gegee het, altyd die beste was; en nou wens ek dat almal wat dit enigins kan skik, intekenaars van die *Patriot* wil worde, te meer daar dit hoe langer hoe meer blyk dat die enige doel van die *Patriot* is om die nut van land en volk te bevorder." (P. 25 Juni, '80.)

Eindelijk gee ons hier die getuienis van Pres Kruger en Genl. Smit, wat op die punt afdoende duidelik is. Bij geleënheid van 'n feestelike ontvangs van die Transvaalse Deputasie in 1883 het hul aldus gesproke :—

"Hierop werd door President Kruger met korte woorden geantwoord. Hij zeide, hij gevoelde dat hij de inwoners van de Paarl niet anders kon noemen dan zijn medelandgenoten. Gedurende de tijd dat de Transvaal in moeielikheid was, is hun sympathie en raadgeving zeer tot bemoediging geweest en heeft een sterke band tussen de Transvaal en de Paarl doen ontstaan. Hij hoopte dat die vriendschapsband, die zo lang reeds bestaan had, onafgebroken zou blijven voortduren. (Luid gejuich.)

“Generaal N. Smit zeide :—Dit is een van di aangenaamste dage van myn lewe. Ek is bly dat ek vandag an di Paarl is. Toen ek daar in di Transvaal was, was dit mar altyd myn begeerte om di plek tog eenmaal vóór myn dood te sien, en nou het ek vandag di eer om hier te wees. Ek is regte dankbaar ver di vriendelike onthaal. Di verrassing is groot en dit het di verwagting overtroffe. Ek kan ni sê ni wat ek gevoel Vrinde, Broeders, mede-Afrikaners, as ek julle so voor my sien, dan dink ik mar al te veel an di goeie raad wat julle ons gegee het gedurende di worstelstryd. Toen ons raad meer as eenmaal glad op was, toen was dit altyd julle wat ons moed in gepraat het. Di koerante en briwe het ons mar altyd voorgelou “*lydelik verset*,” en ons was naderhand al glad moeg om mar altoos te hoor van lydelik verset (gejuich). Mar één morre toen di pos inkom, kry ek di koerant van di Paarl, en toen ek hom oopbreek, wat moet ek daar lees? Broeders in di Transvaal, nou is di tyd. Langer *lydelik verset* sou nou wees ydel verset (hoor hoor). Toen seg ek somar dadelik: “Kinders, maak skoon julle roers, nou is ons tyd om te gaan skiet”. Hulle het ons verseker dat di Vaalrivier eerder sou terugloop voordat di annexasi sal vernietig worde, mar ek kan di vrinde verseker dat ons nou daardeur gekom het en di Vaalrivier loop nog. (Algemeen daverend gejuich.) Vandag is di Transvaal vry en onafhankelik en ek verwag dat di vooruitgang versekerd sal wees en ons sending sal geluk (Daverend hoerah)”. (P. 5 Okt. '83).

Bowe het mnr. Wolmarans iets gesê oor intekening op die “Patriot.” Nouwel, skaarsheid van geld en ongereeldheid van die pos was twee grote oorsake, dat nie meer Transvalers op die blad ingeteken het nie. 'n Agent skrijwe: “was dit met die pos nie so sleg gesteld, dan was die “Patriot” sijn intekenaars mээр as verdubbeld.” 'n Ander sê: “die mense sal en wil inteken; net die geld is nou te skaars” (P. 26 Apr. '78). Uit 'n gepubliseerde lijs blijk, dat die koerant in 1879 op 17 verskillende plekke in Transvaal agente had.

'N MICHA ONDER DIE PROFETE.

So beskryf die “Patriot” sijn verhouding teënoor die andere koerante insake die Anneksasie, en dat die beskrywing korrek is, kan meer dan een sitaat bewijs. Enkele aanhalings is genoeg om aan te wijs, wat die verskil was tussen die “Patriot” en andere blaaië, wat ook die Anneksasie veroordeel het :—

“ Dit is gen geheim dat ons van die begin af openlik die Anhegting veroordeel het as onnodig en onregverdig. Dit het ander koerante oek gedaan. Mar hierin was ons standpunt verskillend van die van alle andere koerante in ons land, nameelik : terwiji almal die saak beskou het as afgedaan, het ons volgehou en hou ons nog vol, die saak is nie verlore, want Engeland is nie onfeilbaar en oek nie almagtig, en net so wel as hulle die Vrijstaat teruggegé het toen dit nie betaal het nie, so sal hulle die Transvaal oek moet teruggé omdat dit nie betaal nie. Dis 'n saak van £. s. d. ver Engeland....

“ Wat ons dan wil? Wel, in die eerste plaas, *eenparig* teken teen die Anhegting...Is die grote meerderheid teen, soos dit nou lijk, dan dje Uitvoerende en Volksraad oproep, en bij monde van die wettige gesag an die Engelse vertegenwoordiger bekend gemaak, en meegedeel dat die volk sig nie anders as gedwonge deur die Engelse sal laat regeer, en hom openlik gevraagd om hulle land terug te gé, en hom plegtig verklaard dat die Engelse regering verantwoordelik is ver die gevolge en as daar bloed sal vloei dat dit tot die regverdige God om wraak sal roep teen Engeland. Daarop kan hulle hom 3 maande tijd gé om na Engeland te skriewe dan moet hij finaal en beslis antwoorde.” (P. 15 Maart '78.)

Nog g'n jaar later nie lees ons :—

“ Die *Volksblad* is bekeerd in sijn Transvaalse politiek. Dit verblij ons. Die eensgesindheid van die Boere an Wonderfontein het veul daartoe bijgedra. Die blad het oek altijd geseg, as die Engelse regering mar 'n beter bestuur daar invoer, dan sal die Boere wel tevrede worde. Mar nou seg hij : “ Wij hebben tans elke reden om van een ander gevoelen te sijn.” Nou erken hij “ wat onder de Boeren onpopulair was, en nog is, dat is niet Sir Th. Shepstone, maar het Britse bestuur ”....Die *Patriot* alleen het volgehou : “ Nê, die bevolking het alle mag ; met 'n onwillige bevolking kan England so'n land soos Transvaal nie regeer nie.” Die *Volksblad* het openlik sijn verandering van politiek erken. *Zuid Afrikaan* seg oek nou : “ Vertrou net so min op Sir Bartle Frere sijn mooie beloftes as op Sir Theophilus sijnne.” (Die) *Transvaal* seg : “ Wag mar ; blijf bij julle protes ; die tijd kom dat ons die Engelse juk kan afskud, of dat England ons land sal moet teruggé, omdat dit hulle te veul kos. *Volkstem* en andere sal oek wel gou agterna kom. Die omkering van die sogenaamde publieke opinie is eenvoudig te danke aan die eenparige en besliste houding van die bevolking.” (P. 31 Jan. '79.)

Wat aangaande die “Volkstem” voorspel werd, is gouw in vervulling gegaan en word in die “Patriot” van 11 Juli '79 aldus aangekondig :—

“ Hoewel hij (“Volkstem”) die annexatie “veroordeelde,” het hij tog steeds “bij onze landgenoten er op aangedrongen om zich daaraan te onderwerpen, als zijnde een stap die, onder de berusting des volks, vele voordelen voor het land aanbod en waardoor ons volkomen zelfbestuur werd toegezegd...De er-

varing door ons echter opgedaan op de bijeenkomst van Wonderfontein (Jan. 1879) overtuigde ons ten volste dat het volk der Transvaal zich nooit onderwerpen zou aan het hun opgedrongen Britse gezag en sedert die tijd zijn wij besliste voorstanders van de vernietiging der verfoeilike annexatie."

In die no. van 28 Nov. '79 word die veranderde toestand aldus beskryf: Die anneksasie was "so mooi en slim o'erleg dat cenparig Engelse en Hollanse koerante almal die saak as afgedaan beskou, en die Boere geraai het om mar te berus. Ons was toen die enigste Micha onder die profete—die enigste wanklank in die akkoord. Terwyl algar eensteming roep: Berus! het ons volgehou: Né, Transvalers, goedwillig julle onderwerp, nooit! As die bevolking eenparig en volhardend blij, dan sal die koerante en politieke persone oek moet omdraai.

"En wat is die gevolg?

"Die twee hoofgarte van Transvaal en Vrijstaat het hul abuis uitgevande en is omgedraai. Hollanse en Engelse koerante—selfs *Cape Times*, vraag bijna eensteming in England om die land mar terug te gé. Maar nog meer.

"'n Deputasie invloedrijker as nog ooit an 'n Kaapse Parlementsuis ontvang is of bij 'n Kaapse Goewerneur sijn opwagting gemaak het—'n deputasie waaronder 19 parlamentslede van Hoger en Lagerhuis, terwyl nog enige ekskuus gemaak het dat hulle *wou* mar nie kon meegaan nie—'n Deputasie in 'n paar dage opgemaak en daaronder selfs 'n Solomon, gaat hulle opwagting maak bij Sir B. Frere en sijn Exc. vertel... dat as die meerderheid teén Brits bestuur is dan moet die onafhankelikheid teruggegé worde"...

Micha, die profete, het met Achab s'n tronk in aanraking gekom, en die Paarlse orgaan het amper 'n dergelike lot ondergaan. Aan die "Transvaalse Broeders" skryf hij: "Julle weet hoe die "Patriot" gestaan het ver julle onafhankelikheid op gevaar selfs van sijn eie bestaan daardcur in die waagskaal te stel" (*P.* 22 Febr. '78).

Natuurlik kon die Engelse koerante so'n optrede nie verdra nie. O.m. het die "Lantern" die Paarlse editeur genoem "'n skurkagtige landverraaiër", en 'n "baster Frans-Hottentot", waarop die "Z.-Afrikaan" van die Kaap dit aanmerk:—

"De Patriot wordt somtijds hard gevallen wegens de onverbloemde wijze waarop zij de daden van de Rijksoverheid ten opzichte van Zuid-Afrika, vooral van de Transvaal beoordeelt.

maar haar manier van redeneren schijnt vleitaal, vergeleken bij de uitingen van sommige Ierse leden in en van sommige Ierse bladen buiten het Engelse Parlement." (P. II Apr. '79.)

VERGADERING EN MEMORIES.

Op 2 Junie 1877 werd die anti-Anneksasie vergadering aan die Paarl gehou. Daar het Ds. Du Toit voorgestel :

"Deze vergadering betuigt haar hartelike sympathie met haar broederen in de Transvaal, voornamelijk omdat het volk voor het tegenwoordige geen hoofd en geen orgaan heeft, en dus zwiĳgend zijn grieven moet dragen." (P. 8 Junie, '77).

Tot toelĳting het hij gesê, wat in die begin ook nodig was om die publiek op hoogte van sake te bring :—

"Die Transvalers is *nie* tevrede. Mar die volk het gen *stem* en gen *hoof*. 'n Paar lawaaimakers op die dorpe maak of hulle die hele publiek is; die boere is stil op hulle plase, en wort geseg: almal is tevrede... Mar die volk het oek gen *hoof*. Die volk wou die land wat hulle met hulle bloed gekoop het oek met hulle bloed verdedig, mar Burgers het hulle afge-raai en hulle het hulle onderwerp... Waarom neem Shepstone nou tog eintlik die land af? "Omdat die Boere te *swak* is om die Kaffers tot hulle plig te bring." Mijn skepsels en die Boere het die Kaffers in minder *maande* ten onder gebring, as die Engelse regering hier aan die oostelike grense van die kolonie in *jare*... Die dag kom (as England die onreg nie verhelp nie) dat Hollander en Fransman, Duitser en Engelsman, almal wat hier woon, as één volk sal opstaan om al die oue onreg te wreek. Mar 'n eie *nasie* wort ons tog." (P. 15 Junie 1877).

Meteen publiseer die "Patriot" nou 'n reeks stukke getiteld "Misdadig Engeland", waarin die onreg, deur Engeland in andere lande gepleeg, beskrewen word. Die stukke werd naderhand in 'n aparte boekie afgedruk, wat 'n kuriositeit is.

Wat die Memories aangaat,—die eerste, ter ondersteuning van die eerste deputasie, bestaande uit president Kruger en Dr. Jorissen (1877), is afkomstig van die redakteur van die "Z.-Afrikaan". Die "Patriot" noem dit 'n flukse stuk en laat dit afdruk, met die "hoop dat elke Afrikaner sijn naam daarop sal teken" (P. 4 Mei '77). In latere nommers word die versoek met aandrang herhaal. 5.400 naamtekeninge het eindelijk daarop gestaan.

Twee jaar later (10 Apr. 1879) het die Volkskomitee in Transvaal die "Koloniale Burgers" in 'n Adres opgeroep om andermaal die Transvalers met memories te steun.

Die "Z.-Afrikaan", "Volksblad" en "Patriot" was dadelik weer bereid om same te werk. "Ons lat ons twee ouere Tijdgenote an die eër om die voortou te vat mar ons geef hulle die versekering dat ons 2,000 of 3,000 naamtekeninge sal lewer" (P. 9 Mei, '79). Die resultaat was :

"Dis getekend deur 7,256 persone en is 70 yards lank. Omtrent die helfte van die name is besorg deur die "Patriot", n.l. 3,306; ruim 2,500 deur die "Z.-Afrikaan" en die orige deur die "Volksblad". Nie minder as 1433 naamtekeninge het ons uit die Paarlse distrik opgestuur... Van alle kante was die beswaar dat die tyd te kort was... (P. 11 Juli '79).

Ongeveer dieselfde sou kan gesê word van die Adres aan mnr. Gladstone en die Petisie aan die Kaapse Parlement. Dog genoeg.

Hier moet oek met 'n enkel woord gewag gemaak word van die besoek van mnre. Kruger en Joubert, aan die Kaapkolonie in die begin van 1880. Dat die Paarl vir hul 'n punt van aantrekking was, spreek vanself. Die "Z.-Afrikaan" het dan ook geseg, dat "de Paarl het voortou in deze dient op te nemen." Op verskillende plekke, maar insonderheid aan die Paarl werd die twee here warm en hartelik ontvang, gelijk blijk uit die belangrike vergadering wat gehou is om die anti-anneksatie-beweging te steun (Patr. 23 Apr. en volg. nos.)

Natuurlik werd deur die koloniste nie vergeet om te bid nie. Met biesondere blijdschap het die "Patriot" kennis geneem van die berig, dat "die sekretaris van die Volkskomitee adverteer, dat die predikante, ouderlinge en diakens die laaste Sondag in Oktober behoor af te sonder as 'n dag van verootmoediging en van gebed tot die Almagtige om die verlossing van Transvaal... Ons twiifel nie of ons lesers, wat die krag van die gebed ken, sal bereidwillig an ons dringend versoek voldoen, om die dag af te sonder tot ernstig gebed ver ons Transvaalse landgenote." (P. 10 Okt. '79).

Ooral is dit egter nie gedaan nie. Die "Z.-Afrikaan" seg : "Op ettelike andere plaatsen trachtten de leraren de bededag dood te zwijgen." Dit, meen die blad, kan tog g'n onverskilligheid wees nie. "Het kan niet waar zijn, dat predikanten, die ijverig en wak-

ker zijn, wanneer de belangen van Transvaalse Kaffers in het spel zijn, die altans nimmer aarzelen bazaars en kollekten ten huns behoeve te houden, het "ben ik mijns broeders hoeder?" zouden mompelen, wanneer Transvaalse broeders hun om hulp vragen." (P. 7 Nov., '79.)

SIR BARTLE FRERE.

Die optrede van die handige en politieke goewerneur van die Kaapkolonie, Sir Bartle Frere, het besonder die verontwaardiging van die Paarlse koerant gaande maak. Reeds maande voor sijn Transvaalse besoek, word die Transvalers gewaarskuw vir die Hoë Kommissaris. "*Beslis niks en onderhandel nie voor julle deputasie weer terug is nie.*" (P. 23 Aug. '78.) Inderdaad was dit 'n beslissende tijdstip, en goeie raad was duur.

Nadat opnuw deur Engeland die teruggawe van die land geweiger was, vraag die "Patriot" :

"Wat nou gedaan? Die Goewerneur kom julle besoek. Ons raad was is is nog: *tré in gen onderhandeling voor julle Deputasie terug is nie!*

"Die *Volkshlad* skryf 'n artikel van omtrent 2 kolom teen ons raad, sonder ons naam te noem en besluit dus: "weest op uw hoede (Transvalers) dat gij de gelegenheid niet verliest, die zich tans aanbiedt om een billike mate van zelfbestuur te krijgen."

"Ons geef die raad van die "Zuid-Afrikaan" oek, dan kan julle self oordeel: "Laat de Britse Regering—nu zij het land toch niet wil vaarwel zeggen—het de hoogst mogelike graad van vrijheid verlenen. Zij geve het zoveel zelfbestuur als maar bestaanbaar is met een konnektie met het Britse Rijk... En het volk dan? Het onthoude zich van geweldpleging. Het ga het land niet uit. Het onttrekke zich niet van alle deelneming aan publieke zaken. Integendeel, het trachte zich op staatkundig gebied zoveel mogelijk te laten gelden. En om zich te laten gelden ontwijkte het de Gouverneur niet."

"Onse redenering (die van die "Patriot") is heel anders en ons laat dit gerus an julle self o'er om te oordeel wie gelijk het. Ons erken oek dat julle nooit in staat is om teen Engeland te veg nie. Dit raai ons julle af. Ons seg oek: moet nie trek nie, dan krijg die Engelse Jekke juis hulle sin, want hulle wil mos julle mooi plase hé. En tog hou ons vol: *A! kom Sir Bartle Frere of Ds. Stegman, of wie oek, gaat gen onderhandelings an voor julle Deputasie terug is nie.*"

Als redes werd opgegee: 1) die Deputasie het volmag om met Europa en Amerika te onderhandel; 2) al voer hul niks uit nie, sê net: ons onderwerp ons *ouder protes*, want Engeland sal sijn mooie beloftes tog nooit waar maak nie. (P. 20 Sept. '78).

In dieselfde trant gaan die blad voort in die no. van 22 Nov. ?

„Wat dan nou gedaan? NIX. Seg eenvoudig: *“Ons lijj bij ons protes—in lijdelik verset.—Julle het die land met geweld geneem, siet mar hoe julle klaar kom.”*

Dieselfde politiek werd aanbeveel toen te voorsien was dat Sir Garnet Wolseley 'n kastige Uitvoerende en Wetgewende Raad sou gaan instel om die Transvalers te paai (wat ook in begin 1880 werklikheid geword het): “Kondig hij 'n konstitusie af, seg: Ja dis goed; maak wat jul wil, mar *ons* het daar nix mé te doen nie; dit gaat *ons* nie an nie” (8 Aug. '79).

Die voorbeeld, waarmee die “Patriot” die belofte van Sir Bartle karakteriseer, is ook goed :

“As ek 'n man 'n pond ontnem en kan hom tevrede maak met 5 sillings en 'n paar moje woorde, waarom sal ek hom nie later die 5 sielings oek kan ontnem en met een tevrede stel? As julle eenmaal die pad van versoening ingeslaan het, sal julle op laas wel alles kwijt wees. Transvalers pas op! Lat julle nie met moje woorde wegsleep nie” (P. 17 Jan. '79).

G'n wonder dat die Goewerneur nukkerig was op 'die blad. In sijn onderhoud met die Volkskomitee in Transvaal het Sir Bartle aanmerking op die “Patriot” gemaak, natuurlik om die invloed van die blad te neutraliseer. Ons lees in 'n hoofartikel :—

“Sijn Exc. raai mnr. Vorster an na die Kaap te kom en die Paarl te besoek “en aan het einde daarvan zou hij het kantoor van die “Patriot” vinden, en dan zou hij voor zichzelf kunnen zien van hoevelen in die omtrek dat blad de gevoelens uitspreekt.” Mar mnr. Vorster hoef nie na die Paarl te kom (gaan dit blad voort) om uit te vinde dat die “Patriot” sijn gevoele angaande Transvaal gedeel word deur die ganse bevolking hier. Hij het mar net te let daarop dat die warmste en grootste Anti-Annexasie Vergadering, wat in heel Afrika gehou is, an die Paarl was; dat gen distrik so eenparig geteken het op die Anti-Annexasie Petsies as die Paarlse; dat die Engelse draadtrekkers dit selfs nie gewaag het om an die Paarl 'n vergadering te beleg om Sir Bartle sijn politiek goed te keur nie; dat die Paarl tussen £300 en £400 gegee het ver die Transvaalse Trekboere; ens., ens.” (30 Mei '79.)

In 'n leader 6 Junie, 1879 word beskrewewe hoe koel die ontvangs van Sir B. Frere aan die Paarl was :

“En wat vlage en ereboge angaat, oek dit was matig en die mottos 'n duidelike uitdrukking van die “stem des volks.” PATRIOT kon Sir Bartle sien prijck op rooie vlage, nie op die een hoek van die Paarl nie, mar so lank as die dorp is, 'n uur te perd, van die een end tot die ander, uitgehang deur private per-

sone om te toon dat hulle met die Patriot sijn beginsels instem selfs deur sodanige wat dit met die taal nie eens is nie."

IJDELIK VERSET.

Eindelik lees ons bô die hoofartikel van 8 Oktober 1880: "Lijdelik verset, nou ijdelik verset". Die stuk is onder moeilike omstandighede (soos Ds. Du Toit al opgemerk het) in bedekte terme gestel. Maar die Transvalers het dit verstaan. Ons gee 'n paar brokke: -

"Op 8 Jannewari sal daar weer 'n grote Volksvergadering wees in Transvaal. Heel molik die laaste. Die saak moet nou op 'n end, dit voel elkeen. Langer kan dit so nie bly nie.

"Ons het nog altoos geseg *lydelik* verset. Mar nou nie langer nie. Lydelik verset word nou ydelik verset. Uit die laaste behandeling van die Transvaalse sake voor die ryksparlement in England is dit duidelik te sien, dat daar gen kans of hoop is om die onafhanklikheid te kry nie, tensy daar iets gebeur wat 'n verandering in die politieke toestand van Transvaal en Suid Afrika veroorsaak. Mar om langer stil te sit en daarop te wag is enkel nadeel ver die Boere, want hulle kan nie met hart en siel werk tot verbetering van landbou en vooruitgang van die land nie; terwyl die Engelse almeer invloed win deurdat gedurig meer Setlaars instroom en party Afrikaners onverskillig word...

"Die *Zuid Afrikaan* stel voor dat die boere nog 'n Deputasie na England stuur om, in dieselfde sin soos die Deputasie van ons Parlementslede by Sir Bartle gedaan het, 'n gekwalifiseerde of gewysigde onafhanklikheid te versoek sodat die Britse Regering 'n resident op Pretoria hou en veral die inboorlingkwesties re'el. Die plan is nie so kwalik nie; molik gryp England die kans nog an om met ere van die saak af te kom.

"Die *Volksstem* geef 'n dergelike plan an die hand...

"Met die wapens hulle land terug eis. Wel oorlog het ons altyd afgeraai, kan, mag en wil ons oek nou nie anraai nie; omdat ons vooruit siet dat die Transvaal daardeur onbewoonbaar sal kom, al word die kwaje dag oek weer met 'n Deputasie verskuuwe.

"Dit is nou mar 'n opsomming om ider te lat nadink. Later hoop ons op die saak terug te kom. Lat ons intussen op die Here bly wag. Syn hand kan nog uitkoms ge voor die vergadering, wat ons bid, hoop en wens. Alleen dit seg ons nou: Langer kan dit so nie bly nie. Dit moet nou tot 'n punt kom. Lydelik verset word nou ydelik verset."

II. DIE VRIJHEIDSOORLOG.

Toen die oorlog uitgebreek het, het Ds. Du Toit voortgegaan met sijn arbeid in belang van Transvaal. Ons noem enige feite:—

1. Op 9 Febr. werd 'n publieke vergadering aan die Paarl gehou 1) om die verskaffing van geneeskundige hulp verder te bespreek (hieroor handel ons elders), 2) om af te keur die gedrag van "enige weinige" Afrikaners, wat onder valse voorwendsels perde en mule opkoop om teen Transvaal gebruik te word (P. 11 Febr. '81).

2. Aan die Paarl werd elke Maandag aand 'n Biduur gehou "vir die Transvaalse Broeders." Dit werd "druk bijgewoon en daar werd hartelik en ernstig gebede." Die versoek van die "Patriot" is, dat ooral in die land sulke kringe sal gevorm word, want vergaderings hou is nie genoeg nie, (P. 28 Jan. '81). In 'n ander no. spreek die blad sijn blijdschap uit, dat eindelijk die predikante, na drie jaar van stilswije, wakker geword het. Daar was uitsonderings, "twee of drie, meer nie" (P. 4 Febr. '81).

3. Merkwaaardig is ook hierdie beskouing, wat te vinde is in die no. van 31 Des. 80, toen die oorlog dus pas uitgebroke was : -

"En wat ons angaat, ons lesers ken ons gevoele van begin af. Ons is "loyale" mar gen *verblinde* onderdane van onse Koningin nie. En wat die oorlog betref, ons eindig van dese week met die vollende anmerkings.

"Die bloed van onse Transvaalse broeders en van Engelse troepe wat alreeds gestort is, roep tot God om wraak teen Englands onreg, trotsheid en geweld, en sal bydra om die beker van Gods oordeel o'er England nog gouer te vul.

"Mar insonderheid sal die bloed gees worde van Englands Kommissarisse en ambtenare wat met owerskryding van hulle mag en met misleiding van die Ryksregering en met verdrukking van die volk die sake so ver gebreng het as dit nou is.

"En tensy England nog tot besinning kom en die land teruggeef sal ons onse landgenote, ja onse kinders en kindskinders herhaaldelik in die gees breng na die plekke waar die aarde die onskuldige bloed van onse landgenote ingedrink het, om daar neer te kniel en Gods wraak af te bidde o'er die vergieters van onskuldig bloed, en (soos Hannibal) 'n ewige vyandskap te sweer teen onse nasionale verdrukkers en vervolgers. Of nee, ons sal toon dat ons meer gristensin besit; ons sal dit te boek stel ver die nageslag en die Transvaalse gruwel optel by die lange lys van Englands sonde in ons land gepleeg, en ons sal stilswygend die vergelding van die goddelike regverdigheid afwag. Want, en dis onse sterkte en hope, oek in die saak

"DE HEERE REGEERT."

Van harte het Ds. Du Toit sig verblij in die oowinnings van die Transvalers, soos blijk uit die volgende gedig wat hij toen gemaak het : -

DIT IS GODS VINGER!

“Toen zeiden de tovenaars tot Farao: Dit is Gods vinger!
Doch Farao's hart verstyfde, zodat hy naar hen niet hoorde,
gelyk de Heere gesproken had.—Ex. 8: 19.

Nooit was hier in ons land,
So sigbaar Godes Hand,
As nou in die Transvaalse stryd.
Dit word nou sigbaar wyd en syd
Wie kan dit nog betwis,
Dat hier Gods vinger is?

In elk koerant, op elke dag,
By elk geveg, na elke slag,
Deurklink 'n stem ons ganse land:
“Kom, Afrikaners, siet Gods hand!”
En telkens siet ons weer
Die vinger van die Heer.

“Trap ek Transvaal ter neer,
Europa sal nie keer!”
So dag die Brit; mar elke Staat
Roep: “Skande! Skande!” o'er die daad.
Let op, verharde Brit!
Dit is Gods vinger dit!

En waar God kinders het
Klink in elk waar gebed:
“Verlos tog die verdrukke, Heer!
En slaat tog die verdrukker neer!”
o Brit, wees nie so doof!
Hier is Gods hand, geloof!

Transvaal het weinig geld;
Geen dokters in die veld.
Mar dokters om hul te genees
En geld ver weduwes en wees
Stroom an van alle kant!
Voorwaar hier is Gods hand!

“Van grof geskut ontbloot;
Geen vuurpyl en geen skroot;
Hoe sal die ruwe Boere veg?
Ons skiet hul net nou almal weg.”
En tog, daar vlug die Brit;
Dit is Gods vinger dit!

Gen Bom wat Boere skaad;
Gen Vuurpyl doet hul kwaad.
Mar van die Boer kos elke skoot
Die trotse Brit 'n wisse dood.
Beef Britte ver jul lot!
Dit is die hand van God!

Die Heer is an die spits ;
 Met donder en met blits
 Stry Hy ver die Transvaalse Boer.
 Waartoe meer legers angevoer ?
 Né, buig, buig Britse trots !
 Erken die vinger Gods !

Spaar, spaar tog verder bloed ;
 Vrees verder tegenspoed ;
 Verneder julle voor die Heer ;
 Geef an die Boer sijn erfland weer ;
 Want, laat jul nog nie af,
 Vrees dan nog swaarder straf.—

(P. 4 Maart '81.)

FEESVREUGDE.

Groot was die vreugde van die "Patriot" toen die oorlog ge-eindig en Transvaal vrijgevogte was—al had die koerant ook sijn bedenkinge teën die vredesluiting. Die hele nommer van 1 April is in blou ink gedruk. Karakteristiek is wat die "Drukkers" daarin mee te deel het :—

" Moetog nie kwaad wees nie, leser ! Dis nie Oom Loko motief syn skuld dat daar gen *Byblad* in die *Patriot* lig dese week nie. Maar die arme drukkers moes nog 'n bitjie vrolikheid hou nou die Transvaal vry is. Ons is mos oek bly, want ons het so baie moet letters set van die oorlog, dat ons party keer al gebrom het teen die Engelse. Mar dese week was ons te bly. Ons het hele week gedruk met groot letters : "Vrede in Transvaal," "Annexasie Vernietigd," "Z. A. Republiek Hersteld," "Afrika ver die Afrikaners," "Verenigde Suid Afrika," "Hoereh ver Piet en Frans Joubert," ens. Die hele Drukkery is van buite en van binne volgeplak daarvan. En so is die *Byblad* nie klaar gekom nie. Mar dis nix. Ons is mos almal bly. Hoereh, ver die Boere wat die Rojes so lekker geklop het !—Drukkers."

Die Paarlse publiek het ook fees gevier. In die Gymnasium werd deur enige dames 'n feesdis klaar gemaak. Die saal was bont versier met motto's, terwyl bij die ingang portrette van Kruger en Joubert gepriek het. 103 dames en here het aan die tafel aangesit. Ds. Du Toit was voorsitter. Aan sijn regterhand het gesit Prop. De Wet en aan sijn linker Ds. W. P. de Villiers, destijds L.W.V. Spietse, en koor-sange van Prof. J. S. De Villiers, het natuurlik nie ontbreek nie (P. 1 Apr. '81).

'n Hele dag werd in die dorp vakansie gehou. Bijna al die winkels was toe. Skijfskiet, krieket en andere vermake was aan die orde van die dag. In die magistrataatskantoor het omtrent 100 persone vergader

onder voorsitterskap van Ds. Du Toit om die rapport te hoor van hul Komitee van Waaksaamheid. (P. 8 Apr. '81).—

Laat ons eindig met 'n getuigenis van mnr. Ewald Esselen aangaande die aandeel van Ds. Du Toit in die Transvaal-saak.

Bij geleënheid van 'n feestelike ontvangs van die Transvaalse Deputasie in Holland (1884), het 'hij als sekretaris van die Deputasie die volgende gesê:—

„Hij dankte voor de dronk op de afwesige Du Toit ingesteld, en maakte fluks van diens afwezigheid gebruik om hem de hoogst mogelijke hulde te brengen. Spreker trad in een ontwikkeling van de geschiedenis zijns volks, en vond daarbij telkens gelegenheid de grote door Du Toit bewezen diensten in het licht te stellen, zijn strijd voor het behoud der Holl. taal, de invloed door hem met behulp van zijn blad “De Patriot” uitgeoefend, dat na eerst lijdelijk verzet te hebben gepredikt, eindelijk het teken tot de oorlog gaf. Een uur later had Joubert zijn paard gezadeld en was heel de Transvaal opgestaan. Gedurende de oorlog vocht Du Toit mede. Nu voert hij de strijd voor het Hollands als officiële taal op school, zowel als in 't parlement”...

AANHANGSEL.

DIE TREKBOERE.

Terwyl ons nou met die Transvaal-saak besig is, wil ons meteen kort meedeel wat die “Patriot” vir die Damaraland-Trekkers gedaan het.

Reeds op 28 Maart, 1878 het Ds. Du Toit 'n artikel geskrywe onder die titel: “Dringende Nood”, waarin op die nood van die Trekkers gewijs en planne aan die hand gedaan word om te help.

'n Jaar later (14 Maart 1879) skryf hij weer onder dieselfde hoof als volg: „Mar ag, dit (ons artikel) was toen 'n “stem des roependen in de woestijn.” Gen koerant het ons bijgestaan; gen vergadering is gehou; gen oulap ingekom nie. En wat was die gevolg? Lees in onse nuwskolomme die treurige lijs van die menigte wat al omgekom is van honger en dors, en die akelige toestand waarin die orige nog verkeer.

„Ons beroep was toen *net bilyds*. Mar nou gaat die oge van andere eers ope; nou dat 'n menigte al

dood is; nou 'n menigte al weer sal omgekom wees vóór ons hulle hulp kan besorge."

Na aanhaling van die "Z.-Afrikaan" en "Graaff Reinets Advertiser" se oproepings om hulp te verleen gaan die "Patriot" aldus voort: "Mar dis beter laat as nooit. Ons sal die saak met alle mag ondersteun, mar lat dit nie bij 'n sondagse kollekte in die kerk blij nte; né lat daar publieke vergaderings gehou, komites gekies en lijste geopen worde... As een p্লাas hierin moes voorgaan, dan is dit die Paarl wat in so'n nouwe betrekking staat tot die Binnelande en waar nog 'n eg Hollans Afrikaanse gees heers."

Die no. van 21 Maart d.a.v. meld, dat Ds. Du Toit die vorige Sondag-namiddag die Trekboere se saak in die diens ernstig onder die aandag gebring het. Na die diens werd 'n vergadering gehou en 'n komitee van werksaamheid gekies. Die redakteur van die "Z.-Afrikaan" werd ook als lid benoem. Dieselfde maand had die Paarlse komitee al £272 14 9 bij mekaar; in Augustus d.a.v. was die bedrag al £445 16 3, terwijl 'n Kaapse komitee in September die bedrag van £1,500 ingesamel het. Op dringende aanbeveling van die Paarlse komitee het die Kaapse sub-komitee besluit om Ds. (later Prof.) J. Lion Cachet vrije passasie op 'n boot te verleen om die Trekkers op te seek. Hij het vertrek met die "Swallow", terwijl die Kaapse komitee die "Christina" stuur, volgelaai met mondprovisie. Die ekspedisie het egter feitelik misluk en Ds. Cachet het met die "Christina" teruggekeer. Verder hoef ons nie die loop van sake te volg nie. Ons meld nog, dat die skrywer van "Opgeraapte Krummeltjies" in die "Patriot" van 16 Jan. 1880 lug gee aan sijn verontwaardiging, dat die Paarl, wat "in die saak alweer die voortou gevat het", op sijn gedronge werd.

Op 'n vraag: waarom die Trekkers Transvaal verlaat het, antwoord Prof. Cachet in die no. van 8 Aug. '79 dit: „Deze vraag is zeer moeilijk te beantwoorden. Het grootste deel ging omdat anderen gingen. Sommigen zeiden, dat zij niets met Burgers wilden te doen hebben; anderen, uit vrees voor het Engelse goevernement, en weer anderen zeiden met het Engelse goevernement tevreden te zijn. Mijn gevoelen is dat de gehele trek zijn oorsprong heeft in de geheimzinnige treklust, die, in de weg van Gods voorzienigheid, reeds zoveel voor Afrika gedaan heeft, en zeker nog veel doen zal."